

24

KERSFEESPROJEK

Ons gee, want God het gegee

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet besef dat daar met geskenke hulde aan Jesus gebring is.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet die hoofpunte ken van die besoek uit die ooste.

Gesindheid

Die kinders moet gewillig wees om hul dankbaarheid op verskillende maniere uit te druk.

Vaardigheid

Die kinders moet Kerskaartjies aan gemeentelede gaan uitdeel.

MEER INLIGTING (Matteus 1-3; Markus 1; Lukas 1 en 2; Johannes 1)

Vir jou eie opskerpings kan jy hierdie Bybelgedeeltes lees.

Ons het al by verskeie geleenthede van graad R tot nou met Jesus se geboorte te doen gehad. Ons het gehoor hoe alles gebeur het. Kom ons noem enkele van die hoogtepunte weer net om ons gedagtes mooi op te skerp:

- Johannes die Doper is voor Jesus gebore.
- Sy geboorte was 'n wondergeboorte – Elisabeth, sy ma, kon nie kinders kry nie.
- Sy pa was Sagaria.
- Johannes die Doper het die mense opgeroep om hulle te bekeer, want Jesus was op pad.
- Hy het Jesus by die Jordaanrivier gedoop.
- Jesus is gebore uit die nageslag van Abraham.
- Jesus se geboorte was ook 'n wondergeboorte – Maria se swangerskap het van die Heilige Gees gekom.

- Josef en Maria was Jesus se aardse ouers.
- 'n Engel het aan Josef verskyn en gesê dat hulle 'n baba gaan hê en dat hulle Hom Jesus moet noem.
- Hy moet Jesus genoem word, want dit beteken dat Hy sy volk van hul sonde sal verlos.
- Sterrekykers uit die ooste het 'n ster sien opkom, en dit het hulle na Jerusalem toe gebring sodat hulle kon uitvind waar 'n koning gebore is.
- Vreemde sterre het vir die mense van daardie tyd beteken dat 'n koning gebore is.
- Koning Herodes wou ook weet wie die koning is, want hy het gesê hy wil ook eer aan Hom gaan betoon. Hy het gejok – hy wou die Kind gaan doodmaak.
- Daarom het die Here die sterrekykers met 'n ander pad na hul huis toe gestuur.
- Die sterrekykers het vir Jesus duur en kosbare geskenke gebring: goud, wierook en mirre.
- Omdat die sterrekykers nie vir Herodes gaan sê het waar Jesus gebore is nie, het hy al die seuntjies onder twee jaar in Betlehem se omgewing laat doodmaak.
- Josef en Maria het betyds Egipte toe gevlug.
- Daar was ook skaapwagters aan wie engele kom vertel het van Jesus se geboorte.
- Hulle het ook gaan kyk en is vol vreugde terug na hul skape.

'n Paar belangrike dinge wat ons op onself kan toepas as ons van die sterrekykers en die skaapwagters hoor, is die volgende:

- Ons moet soos die sterrekykers aan Jesus eer betoon.
- Ons betoon eer deur Hom in die erediens te aanbid.
- Soos die engele, kan ons lofliedere sing om aan Hom eer te betoon.
- 'n Deel van die eerbetoon was om vir Hom geskenke te gee – daarom gee ons ook vir mekaar geskenke.
- Soos die sterrekykers 'n ander rigting moes inslaan toe hulle Jesus gevind het, sal ons ook altyd 'n nuwe rigting moet inslaan met ons lewe as ons Jesus vind.
- Ons sal aan God gehoorsaam moet lewe om so die geboorte van Jesus met ons hele lewe te vier.
- Ons kan vir mekaar geskenke gee as herinnering aan die groot geskenk wat God vir ons gegee het.
- Uiteindelik was die grootste geskenk Jesus self, want Hy het sy lewe vir ons prysgegee.

AANBIEDING

Jy het nodig

- 'n Handgemaakte Kerskaartjie om as voorbeeld in die klas te gebruik.
- Vir elke kind 'n gekleurde A5-karton of -papier.
- Versierings.
- Inkleurkryt.

KOM ONS BEGIN

Open met Gesang 376: 1 as gebed.

*Wyses het u ster gesien; self gegaan om U te dien.
Aan U het hul eer betuig, by die krip hul neergebuig.
U, ons ster, ons lig, o Heer, maak ons wys, laat ons U eer.
Amen.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Lees vir hulle Johannes 1: 1-12.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel die geskiedenis van Jesus se geboorte.

IETS BELANGRIK

Beklemtoon weer die volgende:

- Omdat ons kinders van die Here is, moet ons permanent eer aan Jesus betoon.
- Ons betoon eer wanneer ons –
 - Hom in die erediens aanbid deur –
 - Hom te dank en te prys in ons gebede.
 - lofliedere te sing.
 - te bely dat Hy die Here en Verlosser is.
 - uit dankbaarheid, omdat Hy ons grootste geskenk is, vir mekaar geskenke te gee.
 - gehoorsaam aan Hom lewe.
 - ons voortdurend tot die Here bekeer.

IETS OM TE DOEN

- Gee vir elke kind 'n gekleurde karton of papier.
- Laat hulle dit dubbel vou.
- Hulle gebruik die versiersels om pragtige, kleurvolle kaartjies te maak.
- Gee leiding en help ook met die skryf van 'n gepaste boodskap.
- Laat elkeen inskryf van wie die kaartjie kom.
- Laat hulle die kaartjies huis toe neem en vir hul ouers, skoolhoof of onderwyser by die skool gaan gee.

BY DIE HUIS

Doen

Laat hulle tuis nog kaartjies gaan maak en dit gee vir iemand vir wie hulle baie omgee.

Leer

Laat hulle Johannes 3: 16a gaan memoriseer: *God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het...*

AFSLUITING

Sluit af met gebed. Sê dankie vir 'n jaar se seëninge, vra vir leiding tydens die eksamens wat op hande is en bid vir beskerming en versorging tydens die vakansie wat kom.